# Die Matie

**REDAKSIE**

**HOOFREDAKTEUR: J. R. Olivier (Wilgenhof).**
ASSISTENT-REDAKTEUR: Nico van der Merwe (Huis-Marais).
NUUSREDAKTEUR: Con Botha (Huis-Visser).
SPORTREDAKTEUR: Herklaas Viljoen (Helderberg).
Medewerker: Graaff Oosthuizen (Dagbreek).
SPORTREDAKTRISE: Mietsie Marais (P.S.O.).
VERSLAGGEWER: Willem Botha (Wilgenhof).
KUNSREDAKTRISE: Kina Botha (P.S.O.).
SPOTPRENTTEKENAAR: Schalk Walters (Huis Marais).
FOTOGRAAF: J. S. Minnaar..

**ADMINISTRASIE**
SEKRETARIS-TESOURIER: Mike Hough (Wilgenhof).
ADVERTENSIEBESTUURDER: Basil Wunsh (Huis-Visser).
SIRKULASIEBESTUURDER: Christo Botha (Wilgenhof).

DONDERDAG, 19 APRIL 1951


## DIE HAASTIGE HOND . . .

Ons Studenteraad het sy mond sleg verbrand.

Oorsaak van een van die kwaaiste storms wat die Studenteraad van Stellenbosch vir 'n lang tyd belewe het, was 'n mosie wat op 15 Maart vanjaar aan hom voorgelê is met die oog daarop om die studente-unie se inter-universitêre betrekkinge — meer bepaald ten opsigte van die sg. „gemengde" inrigtings — vas te stel. Vuurwarm bespreking en heftige kruisverhoor is uitgelok en met indrukwekkende outoriteit is ingewikkelde beredenerings heen en weer geslinger. Ná 'n uur of wat het die Raad genoeg afgekoel — en genoeg geweet — om die mosie in geheel te verwerp deur 'n lywige amendement met sewe teen drie stemme aan te neem.

Die inhoud van laasgenoemde besluit is gepubliseer en het intussen wyd en syd kommentaar uitgelok, die besonderhede waarvan elders in hierdie uitgawe verskyn.


Sowat 'n maand later — verlede Donderdagaand — was daar 'n tweede mosie aan die orde, hierdie keer van die voorsitter self en weereens met betrekking tot Stellenbosch se inter-universitêre relasies. Die Raad, met sy eerste vuurdoop nou agter die rug, het daar heelwat kalmer en meer nugter uitgesien. Sonder veel ommesien is daar besluit om die bespreking van die voorstel tot 'n latere datum uit te stel. As redes vir hierdie stap is aangevoer dat Studenteraadslede nog nie genoeg tyd gehad het om hulself genoegsaam te oriënteer in die hele saak nie en dat die belangrikheid daarvan te groot is om toe te laat dat oorhaastige besluite geneem word.

Vir die waarnemer is dit wrang ironies dat dieselfde mense wat kans gesien het om hulle ondubbelsinnig oor 'n aangeleentheid uit te spreek, skaars 'n maand daarna hulself nie bevoegd ag om 'n opinie oor dieselfde saak te vorm nie — dit trouens nie met 'n tang wil aanraak nie — omdat hulle dit dan nie genoegsaam sou bepeins het nie.

Uit hierdie houding kan ons 'n paar dinge wys word. Eerstens wil dit aandui dat Studenteraadslede hul nog nie die moeite (en verdriet) gegun het om diep genoeg in die verlede te gaan delf sodat hulle in só 'n mate op hoogte kan kom van inter-universitêre sake as wat die studente-unie redelikerwys sou verwag nie; tweedens, dat die Studenteraad duidelik te kenne gee dat die eerste besluit 'n oorhaastige een was en dat hy besig is om ontslae te raak van sy jeugdige, byna naïewe oorgeesdriftigheid om tot 'n besluit te kom.

Ons wil ons blydskap daaroor uitspreek. Ons wil ook daardie lede van die Raad wat Donderdagaand die belangrikheid beklemtoon het van die mosie wat voorgelê sou word, van harte toejuig. Die S.R. is besig om besluite te neem oor sake waarby die tradisionele [illegible]sels van ons Universiteit betrokke is. Dit is nie nou die geskikte tyd vir oorhaastige besluite nie.

„Die haastige hond verbrand sy mond."




**'n Student het kort gelede een oggend, omdat hy uitgedaag is daartoe, met 'n slaapbroek in die klas verskyn.**

## ,Compromise: Truce Between Duty And Terror'

**„EK WONDER . . .", Stellenbosch, skryf:**

Aan die Rhodes Universiteit het ek 'n goeie vriend. Somtyds is hy so vriendelik om 'n kopie van sy studentekoerant, The Rhodeo, aan my te pos, in ruil waarvan ek dan so af en toe Die Matie aan hom stuur. Onlangs het ek juis weer 'n eksemplaar van die jongste uitgawe van The Rhodeo ontvang.

Op die voorblad daarvan lees ek onder die opskrif **„Stellenbosch Compromises"** 'n berig na aanleiding van 'n besluit wat ons hooggeagte Studenteraad 'n tydjie gelede geneem het in verband met toekomstige „kontak" met ander universiteite.

Ons Studenteraad, Meneer die Redakteur, het 'n kompromie gemaak namens 2,200 studente aan 'n Afrikaanse volksuniversiteit.

Sou hulle by dié geleentheid gedink het aan die wyse woorde wat ene Reginald Wright Kaufmann te sê had oor 'n kompromie?

**„Compromise is never anything but an ignoble truce between the duty of a man and the terror of a coward."**

Sou hulle, vra ek my verder af, Meneer die Redakteur, dieselfde stille gebed van die Amerikaanse digter Untermeyer, opgestuur het voordat hulle die besluit geneem het?

**„From compromise and things half done**
**Keep me with a stern and stubborn pride,**
**And when at last the fight is won,**
**God, keep me still unsatisfied."**

## „SPITE?"

**„Spirits Rebellious", skryf:**

'n Tydjie gelede is 'n beroep op alle studente in universiteitskoshuise gedoen om tog spaarsaam met elektriese krag te werk. Hierdie beroep was vergesel van 'n dreigement. En nou het daardie dreigement 'n werklikheid geword.

Ten spyte van die uiterste besparing aan die kant van studente — vir sommige het dit selfs 'n ekskuus gebied om nie saans te studeer nie — moet daar nou vanaf volgende semester £2/10/- ekstra aan losies per kop per semester betaal word.

Almal ken seker die grappie van die hospita, wat, toe sy aan haar loseerder meedeel dat sy gedwonge is om die losies te verhoog weëns die besondere eetlus van die loseerder, as antwoord moes ontvang dat die loseerder dan net gedwonge sal wees om meer te eet ten einde al die waarde uit sy geld te kry.

Kan alle koshuisinwoners dan nie saamstem en sorg dat hulle daardie £2/10/- se ekstra waarde kry nie? Hoe lyk dit, koop almal verwarmers en ander verbruikers van elektrisiteit en laat die goed dag en nag werk. Eet twee keer so veel aan tafel. Vergeet om die waterkrane toe te draai as jy klaar gestort het.

Dis nou die kans om te wys waartoe ons in staat is. Kom ons oortuig die owerhede dat dit vir hul beter sou gewees het om nie die losies te verhoog nie.

## *Wat Dink U?*

### „ ,GALLERY'-OPTREDE SKREEU TEN HEMELE"

**„Pepe le Moko," Wilgenhof, skryf:**

In die dae van weleer het 'n groepie manne altyd plaasgeneem waar die huidige klomp lawaaimakers sit en onder die leiding van een of twee voorbokke het hulle aan die verrigtinge op die paviljoen kleur en lewe verleen. Hulle het dit tot 'n kuns ontwikkel en 'n Matie-tradisie geskep.

Daarvan is daar die laaste jare nie meer sprake nie — vanjaar minder as ooit. Dinsdagaand het die skreiende gebrek aan leierskap en oorspronklikheid 'n nuwe laagtepunt bereik toe die „gallery" aanvanklik bang was om alleen te sing! Hul optrede skreeu ten hemele.

Mens wonder of dit te veel gevra is: „Gallery" kan julle nie 'n poging aanwend om weer soos in vervloë dae op te tree nie — weer die ou prestige te herwin nie? Dit is nie die taak van die „gallery" om net te raas of net gekke van hulself te maak nie.




*Certainly, Sir!*

*Delivery right away! Van der Stel's for Service! We carry large stocks of South African and Imported Wines, Spirits, Malts, Cordials and Mineral Waters. And if your particular request is not in stock we'll do our best to get it for you—quickly. Make a note of our phone number. It's 94. Good day, Sir!*

VAN DER STEL BOTTLE STORE
Telephone 94 STELLENBOSCH



**NEW BOOKS RECEIVED**

| | |
|---|---|
| THE ENEMY WITHIN — Creasy ... ... ... ... ... | 8/6 |
| HITLER'S INTERPRETER — Schmidt ... ... ... ... | 15/- |
| THE HEARTH AND THE EAGLE — Anya Seton ... | 7/6 |
| SEVEN SCIENCE FICTION NOVELS—H. G. Wells | 36/6 |
| OPERATION CICERO — Moyzisch ... ... ... ... ... | 11/- |
| DEATH COMES FOR THE ARCHBISHOP—Cather | 5/3 |
| THE DEVIL COMES TO BOLOBYN — Horler ... ... | 8/6 |
| THE SINS OF SUMURU — Rohmer ... ... ... ... ... | 8/6 |
| THESE MEN AND WOMEN — Horler ... ... ... ... | 9/6 |
| SILVER FLAME — Allsop ... ... ... ... ... ... ... ... | 8/6 |
| ENTER CITIZENS — Clifford ... ... ... ... ... ... ... | 15/9 |
| EVERY MAN A PENNY — Marshall ... ... ... ... ... | 12/6 |

*Obtainable from:*

**UNIVERSITY PUBLISHERS AND BOOKSELLERS**

PLEINSTRAAT - - STELLENBOSCH

# DALRYMPLE IN VOORUITSIG: HOE DIT ONTSTAAN HET

(Deur Ons Sportredakteur.)

**Gedurende die aanstaande vakansie word die Dalrymple-atletiekbyeenkoms weereens gehou. Ons wonder hoeveel van ons lesers weet hoe hierdie jaarlikse byeenkoms ontstaan het. Dr. E. T. Stegmann en mnr. Sid Harvey, wat jarelank as bestuurders van die Dalrymple-spanne opgetree het, het hierdie besonderhede aan Die Matie verskaf.**

In 1922 is daar 'n byeenkoms gehou tussen Ikeys en Wits in Johannesburg. Daar is toe besluit, onder leiding van mnr. Suzman, om dit 'n jaarlikse instelling te maak asook om ander universiteite uit te nooi.

Die kwessie was nou om 'n geskikte trofee te kry. Sir William Dalrymple, destyds verbonde aan die goudmyne, is genader en die het 'n wisseltrofee geskenk.

In 1925 ding die eerste Matiespan mee en behaal slegs 3 punte. Dit was die poging van R. Nel wat 2de plek in die gewigstoot behaal het. In daardie jare het H. Q. Davies (hekkies) en Snaar Viljoen (naellope en verspring) nog die toon aangegee.

**In 1929 wen U.S. vir die eerste maal die byeenkoms. Daarna vir vier jaar van 1931 tot 1934 en vir die laaste maal in 1941.**

Dr. Stegmann het so bietjie tussen foto's rondgekrap en toe spontaan begin gesels oor daardie jare toe die Maties nie kon verloor nie.

Daar was manne soos Luckhoff, Botha en Smit. Laasgenoemde was 'n kêrel wat 'n halfmyl sommer gemaklik onder 2 min. kon afdraf.

Dan was daar nog 'n sekere Visser (tans ds. Visser) wat in 1933, toe hy eerste jaar was, die hele span verbaas het deur die 880 te buit.

Daardie jaar was die puntestand as volg. Ikeys het toe slegs 4 punte behaal:

U.S. 52, Wits 26, U.P. 11, Grey 6, Rhodes 5, U.K. 4, Natal 2, P.U.K. 2.

Toe daar aan dr. Stegmann gevra is watter byeenkoms hy beskou as die mees uitstaande, het hy sonder aarseling gesê „Die slag toe Danie Joubert die wêreldrekord geëwenaar het."

„Dit was op Grahamstad, 1931. Joubert sou die dag teen 'n Gerhardt (U.P.) hardloop wat gereeld die 100 tree gedoen het in 9.9 sek. Met die wegspring was Gerhardt al regop toe Danie eers uit sy gate gekom het. Toe was daar geen keer nie, met ses tree het hy vir Gerhardt geklop."

**GROOT ATLEET**

By mnr. Sid Harvey, wat al die koerantartikels en fotos van die byeenkoms bewaar het, is 'n uitknipsel gevind wat daardie wedloop beskryf het. Die volgende aanhaling is genoeg om te verduidelik watter groot atleet Joubert was:

„Once into his stride he is dynamic, an unleashed fever of power and precision. It was the greatest 100 yds. the world has ever seen, a stupendous achievement." (E.P. Herald, 18th May, 1931.)

Dit was die byeenkomste van vervloë dae. In die afgelope jare het die Maties nie veel uitgerig nie. Aanstaande week gaan nog 'n Matiespan om weereens te probeer om Dalrymple te wen.

Sakkie Joubert wat as kaptein van die Matiespan wat na die Dalrymple-atletiekbyeenkoms sal gaan, verkies is.



## Manshokkie

Verlede Saterdag is die eerste liga-wedstryd afgespeel. Weens die reën het slegs die tweede span gespeel. Die veld was sag en nat, derhalwe was die spel maar stadig en onbeweeglik.

Die Tegniese-Kollege spelers, tuis op hul eie veld, het net daarin geslaag om die Maties met 2—0 te klop, hoewel die uitslag nie die verloop van die wedstryd weerspieël het nie. Tussen die voorspelers het Vosloo, Burger en Loubser mooi vertoon. Die verdediging was suiwer en goed.

Span: Dally, Marais, Georgala, Erasmus, De Villiers, McLean, Burger, Loubser, Vosloo, Kritzinger, Faul.

## Skermklub Oefen Druk

**Die skermklub is reeds druk besig met hul oefeninge elke Woensdagaand. Vanjaar sal die Maties en Ikeys weereens meeding om die J. P. Nel-beker en daar word gehoop om 'n span van Stellenbosch na die interuniversitêre toernooi in Johannesburg te stuur.**

## Gewigoptelklub

**Die Gewigoptelklub het op 6 April vir die eerste keer aan die interklub-reeks in Kaapstad deelgeneem. Die Maties het goed gevaar en het vir die Stellenbosse klub 14 punte ingesamel, om tweede plek in te neem.**

Dick Viljoen het in die veerafdeling tweede gekom, J. Fleischmann en S. Pieterse onderskeidelik eerste en derde in die ligswaar- en D. Strauss eerste in die swaargewig-afdeling.

Die sterk Kaapstadse klub, Universal, wat twee W.P.-kampioene in sy geledere het, was eerste in die kompetisie met 16 punte.

Die volgende interklub-kompetisie is op 18 Mei a.s. wanneer ons sterk manne hoop om nog beter te vaar.

# MATIE-SOKKERKLUB WEER IN LEWE GEROEP

**Die Matie-Sokkerklub is herstig, nieteenstaande moeilike omstandighede. Die klub is in 1948 afgestig van die Van der Stel Sokkerklub. Na 1949 egter, kon hulle nie 'n oefenveld kry nie aangesien Van der Stel die veld begin gebruik het as 'n parkeerplek.**

In 1950 is toe geen span ingeskryf nie, maar vanjaar is Coetzenburg E veld tot die klub se beskikking gestel.

Ten spyte van moeilikheid om 'n breier te kry, het hulle al twee Intervarsities agter die rug asook twee inter-universitêre byeenkomste. Vanjaar is daar weer so 'n toernooi te Pietermaritzburg.

'n Komitee, as volg saamgestel, is gekies:
**President:** Dr. Craven.
**Vise-pres.:** Mnr. Van Eeden.
**Voors.:** C. Böhme.
**Sekr.:** J. Laubscher.
**Tes.:** Mnr. Steelow.
**Add. lid:** N. F. Schoombie.

**EERSTE WEDSTRYDE**

Die eerste wedstryde het op 7 April teen Maitland plaasgevind. Die Maties was ongelukkig om met 2 doele gelykop teen hulle teenstanders te speel. Hierdie spel was bo verwagting goed, aangesien die span nog net eenkeer tevore saam kon oefen.

Verlede Saterdag is die tweede wedstryd afgespeel teen Garnisoen te Brooklyn. Voor rustyd het die Maties, ten spyte van 'n sterk wind teen hulle, met 1 doel voorgeloop.

Daarna het die voorspelers verskeie kanse deur hul vingers laat glip aangesien hulle die nodige oefening en afronding nog kortkom. Garnisoen het van hulle kanse gebruik gemaak en na pragtige samespel 'n doel aangeteken. Hierdie wedstryd het ook gelykop geëindig, een doel elk.

Die span was as volg: B. Smit, G. Minge, P. Myburgh, W. Henckert, R. Böhme, M. Rust, W. Kuhn, I. Böhlke, N. Schoombie, B. Hansemann, G. Blignault.

Vir belangstellendes is oefentye as volg: Dinsdae en Donderdae om 4.45 op Coetzenburg E veld.

## Rugby

### U.S. III vs. VALSBAAI II

In 'n baie taai en interessante wedstryd het Stellenbosch III en Valsbaai II verlede Saterdag gelykop gespeel. Die wedstryd was deurgaans vinnig en hard en hoewel Stellenbosch herhaaldelik aangeval het, veral teen die einde, kon hulle nie deur die hegte Valsbaai verdediging dring nie.

Die einduitslag (0—0) was 'n baie goeie weergawe van die spel. Uitblinkers aan die Stellenbosch kant was veral Schalk van der Merwe, die heelagter en Rademeyer onder die voorspelers.

## Tennis

Die dubbelspelkampioenskappe van die Universiteit is gewen deur Andries Olivier en Floors Botha. In die finale wedstryd het hulle vir J. Stemmet en J. Steyn met 6—4, 6—4, 6—0 geklop.


APTEKERS
Probeer Ons
Vir Afdrukke
En Vergrotings
Van U Negatiewe
JOERNING EN SEUN
(EIENS.) BPK.
FOON 24
H/v BIRD- en PLEINSTR.,
STELLENBOSCH

OM TYD TE BESPAAR
Kies die middel van die Week om u Hare te laat Kap by
STUDENTE-HAARSNYSALON
(Eienaar: T. van Aarde)
PLEINSTRAAT

A.I. Bottle Store
H/v ANDRINGASTRAAT, en MERRIMANLAAN.
Enige Soort Ingevoerde en Binnelandse Drank Voorradig
Bel 201 vir u benodigdhede.

BESOEK DIE
GOOD HOPE KAFEE
Probeer ons Spesiale Geregte van Roomys sowel as Maaltye.

Vir Alles Tuisgemaak Kom na
DIE UITSPAN
Ons Reël Partytjies en Dinees.
Bestellings word geneem vir Melkterte, Koeksisters, Koek ens.
Die ENIGSTE Kafee in Matieland wat vir u tuisgebakte koek kan aanbied.

Colin Lockley
EN KIE
Pleinstraat
STELLENBOSCH
Spesialiteite in VERGROTINGS, KLEUR- EN ALLE BUITEFOTOGRAFIE

STUDENTE . . .
doen u winterinkopies nou!
So Pas Ontvang.
Alba Harris Tweed Sportbaadjies.
Staalraam Rugsakke.
Indiese Hokkiestokke 15/6, 19/6, 25/-, 28/6.
Ander 39/6, 49/6, 54/6, 64/6.
Wolserpe 8/11.
PROBEER:
De Wets se Flying Matie, die liggewig Agterspeler Rugbyskoen: Prys 52/6.
Ook Bennie Osler Grand Challenge ... ... ... 57/6
Ook Bennie Osler Junior ... ... ... ... ... ... 36/9
WITBROEKIES: 11/9.
Kouse 8/9 'n paar.
Hokkietruie in voorraad.
'n Mooi verskeidenheid truie.
Joegers, Picks en Meridian.
Melton Slacks vir Dames, £1 15s.
GEBRS. DE WET
DIE MATIEWINKEL
Posbus 21 STELLENBOSCH Fone 20 & 21

# SENIORS AS EERSTEJAARS VERMOM HARTLIK ONTVANG BY HARMONIE

**Afgunstig op die Juniors se „lekker" etes by die dameskoshuise, het die huiskomitee van Huis-Marais onlangs „vermom" as eerstejaars by Harmonie gaan eet. Hulle ontvangs, as „eerstejaars", was glo heeltemal gulhartig.**

Op 'n goeie aand het die huiskomitee, met blou knopies en al, saam met die egte eerstejaars na Harmonie getou.

Die aankoms by Harmonie het niks sensasioneels opgelewer nie — die H.K.-lede is vriendelik saam met die eerstejaars binnegenooi.

Die algemene gevoel onder die H.K.-lede na die ete was dat hoewel die kwaliteit van Harmonie se kos heeltemal in orde was, hulle nie kans gehad het om reg te laat geskied aan wat aan hulle voorgesit was nie — hulle was net op stryk toe die dames klaar was met eet en hulle moes opstaan.

### UITGEKEN

**Piet Hough sou darem in elk geval nie baie geëet het nie, want hy het by die huismoeder aan tafel te lande gekom. Ongelukkig vir hom, het sy hom herken as iemand met wie sy te doen gehad het toe hy nog 'n Junior was.**

Die meerderheid van die eerstejaardames het egter nie agtergekom dat daar seniormans in hulle midde is nie. Dié onder hulle wat wel bedenkings gehad het, is verseker dat daardie persoon eintlik nie hy is nie, maar sy tweelingbroer.

### IN MYNE GEWERK

**Hennie Heyns, wat nie meer soos 'n seuntjie lyk nie, „het lank in die myne gewerk — daarom is hy so donker.". E. J. van Rensburg „was twee jaar op Wits", daarom dat hy nie meer so baie soos ander eerstejaars lyk nie.**

Na afloop van die ete is die gaste na die teekamer genooi, waar klavierspel en tafeltennis die agtergrond van hul interessante gesprekke met die eerstejaardames gevorm het.

### „WAT IS S.R.?

**In die teekamer het Wollie de Vos 'n eerstejaardame probeer oortuig dat Felix Harris regtig nie 'n eerstejaar is nie — hy is dan glad op die S.R. Hierop wou die dame weet wat die S.R. is!!**

Na 'n rukkie se gesels, het sommige van die H.K.-lede 'n paar van die eerstejaardames na die C.S.V. vergesel. Ander het 'n bietjie later totsiens gesê en is kafee toe.

Niemand het glo agtergekom dat die hele gedoente 'n grap was nie.

'n Toneeltjie by Helderberg se onlangse huisdinee.



# WILGENHOF-BOSKRIEKET DEUR BOSGOLF VERVANG

**Wilgenhof se Bos is glad nie vreemd aan die stok-en-bal-sportsoorte nie. Dinge soos Boskrieket (waar Nellis Zaaiman sy krieket geleer het) en selfs bofbal is reeds daar gespeel. Nou is dit egter Bosgolf wat met rasse skrede vooruitgaan.**

Enkelinge het reeds voorheen golf in die Bos gespeel, maar die spelery het eers in alle erns begin nadat 'n paar geesdriftiges op Mowbray gaan kyk het hoe Locke en Von Nida die ding doen.

Met behulp van die Universiteit se besems en ander gereedskap is nege lieflike bruin setperke in die Bos aangelê. Die baan word omring en/of gedeeltelik bedek deur stompe, rotse, bome, blikke, draadheinings, Monica, Hamelhof en steenkoolhope.

### BAANSYFER 68

Die baansyfer is 68 en die baan self is reeds verklaar tot een van die moeilikste in die Boland.

Die negende putjie is op Monica se tennisbaan, en omdat die slanery aldaar gevaarlik is waar die dames heeldag verbystap, oorweeg die klub die verskuiwing van daardie putjie.

**Die 19de putjie is in die klubkaptein se kamer waar die lede slegs koffie kry. Nou is dit 'n strydvraag of hierdie putjie nie na die bopunt van Die Braak verskuif sal word nie.**

# Dagbreek Nie Bygelowig

Onder nie baie gunstige weersomstandighede het die Dagbrekers Vrydagaand, die 13de, hulle jaarlikse Dineefunksie gehou.

Soos gewoonlik kon die dineegangers nie na ete die opelug en maanskyn in die „Quad" gaan geniet nie, maar is hulle getrakteer op 'n baie smaakvolle program in die Dagbreeksaal.

Gesellig het groepies na ete rondom tafels in die oppersaal plek ingeneem om hulle koffie te geniet, te gesels, en te luister na bekende kunstenaars soos Jozua Serfontein, Anneen Leeuwner, Robert Babenderende, Johan Potgieter, Leonore Groenewald, Anna Krige en André Cilliers.

Die eregaste was dr. en mev. Erlank, Tobie de Clercq en Johan Lombard met gesellinne en mnr. en mev. Piek. Die komitee wat verantwoordelik was vir die funksie was mnre. Hitler Hanekom (Konvener), Tertius Relihan, Dudley Vermaak, Johan Nepgen en Jan Slabbert.

### TROTS

*In Oklahoma City het die president van die Universiteit van Oklahoma in 'n pleidooi om fondse gesê: „Ons werk om 'n universiteit te ontwikkel waarop die voetbalspan trots sal wees."*

*— „Wits."*

# Skinderstories

Hallo Vrinne,

**M**(athilda) **A**(gnes) **McLachlan,** of liewer **Ma Tilly,** sal die vakansie haar hande vol hê as kosmoeder van die B.T.K. Sy moet liewer maar by **Barbara Steinbauer** leer hoe is 'n mens kosmoeder — ware kosmoeders eet glo byna niks nie!

Areme **Johan Barnard** moet nou elke oggend voetslaan werk toe, want **June du Toit** vind dat die Huis-div.-vierkant 'n geskikter motorhawe is as die onherbergsame Kaapstad.

**Etienne Roux** sê dat hy sy inspirasie gekry het omdat **Marie Smit** ook by die atletiekbyeenkoms was. Ja-nee. Tog wil dit soms vir my voorkom asof al die mans op Stellenbosch nie besef wat die dames vir hulle beteken nie. Daarom beweer sommiges mos dat „dames-atlete op Stellenbosch is . . . 'n mislukking." A-nee-a! Kyk dan hoe ver gooi **Dora Vorster** 'n spies.

Ek het altyd gewonder wat doen studenteraadslede — toe vind ek mos uit. Weet julle wat? Hulle „vang strate." Woensdagaand het **Meneer Hitler Hanekom** 'n gewigtige telefoongesprek gevoer. Die inhoud daarvan was min of meer soos volg:

„Meneer-die-studenteraadslid, kan u my asseblief sê of Dagbreek in Victoriastraat geleë is?"

„Ja juffrou, ek meen hy loop hier verby."

„Nou ja Meneer, sal u hom asseblief vang as hy weer daar verbykom!"

As **Whitey van der Walt** 'n Kroonstad-motor sien, dan . . . Ons wonder hoekom. En **Ian Reid** besluit dat as die berg nie na Mohamet wil kom nie, Mohamet na die berg moet gaan — sien hy werk toe 'n hele jaar lank aan sy motorfiets. Nou hoef Sonop nie by Wilgenhof verby te kom nie; nou ry hy elke aand Sonop toe, na **Bernice** toe.

Is dit as gevolg van **B. J. van der Vyver** se goeie invloed dat **Lochleen Louw** nou besluit het om weer hokkie te begin speel?

Tandpyn?
Och dat is geen pyn
Maar een zoetlief te hê
En niet by hom te zijn
Och dat is een pyn — vra maar vir **Estelle ter Burgh** hoe bitter dit was toe **Francois Odendaal** net vir drie dae weg was Beaufort-Wes toe.

O vrinne, die broers en susters — nee die jong-getroudes — Daar's byvoorbeeld **Broer Buurman,** of **Eben Cilliers** of vriende **Frans en Denice Koks.** Almal getroud. Ja, ons word oud.

„I hates you because your feets too big—". Maar Sonop bly nog ver. **Ag, Izak van Heerden!** Van Sonop gepraat. **Tielman Joubert** „boer" nou daar. Voorwaar 'n goeie keuse, want waar die son opkom en skyn, groei en vorder boerdery.

Andriette Snyman, van wie ontvang jy deesdae twee dosyn rose? Is dit 'n geval van „I'm sending you a big bouquet of roses?"

Daantjie Marais, ons wil „Joe" gelukwens met jou meisie se kiesing vir die Dalrymplespan.

Nou-ja vrinne, lekker vakansie.

RONDLOPER.

DIE
PANORAMA KAFEE
het 'n unieke atmosfeer in ooreenstemming met die Tradisie van die ou Universiteitsdorp.
**Ons is heeldag oop, dwarsdeur die Week, Sondae ingesluit, vanaf 8 vm. tot 11.30 nm.**
*Kom geniet ons Braaigeregte, Middagetes, Tee en die jongste Amerikaanse Roomys-Melkdranke, „Parfaits", „Sundaes" ens.*
**Probeer ons beroemde Wafels en Botterkoekies**
*by die*
**PANORAMA KAFEE**
**ANDRINGASTRAAT STELLENBOSCH**

NUUTSTE ROKKE
en
ANDER MODEDRAG
*Weekliks by*
FOSCHINI (Bpk.)
**PLEINSTRAAT**
**Takwinkels Dwarsdeur die Unie**

*Beter Voorrade Van*
FIETSE,
RADIOS,
STRYKYSTERS en
GLOEILAMPIES.
*By*
**H. VILJOEN**
**Pleinstraat — Stellenbosch**

**CARL BERGH**
PLEINSTRAAT
ALTYD EERSTE
MET DIE NUUTSTE
IN MANSKLERASIE